

**31 Desember**

**Skrifgedeelte: Jesaja 63:7-64:12 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Jesaja 64:1-12**

### **Gebed van die verbondsvolk**

Môre is dit Nuwejaarsdag. As volgelinge van ons Here Jesus Christus kan ons die nuwe jaar nie beter binnegaan as deur te bid nie. Jesaja het ons met die evangelie van die Ou Testament tot hier begelei. Jesaja se troosboodskap het ons gedra. Nou gaan hy die volk voor in gebed: “Ek sal die goedertierenhede van die Here prys, die roemryke daade van die Here, ooreenkomstig alles wat die Here aan ons bewys het, en die veelvuldige goedheid jeens die huis van Israel.” Hy dink aan hulle ontstaansjare in Egipte. In al hulle benoudheid was God benoud, en die Engel van sy aangesig het hulle verlos. Maar hulle was opstandig en het sy Heilige Gees bedroef. Toe het sy volk gedink aan die dae van die ou tyd, van Moses: “Waar is Hy wat hulle uit die see laat optrek het saam met die herder van sy kudde? Waar is Hy wat sy Heilige Gees in hulle midde gegee het?” So het hulle tot inkeer gekom.

Saam met die kerk van die Ou Testament wil ons, die kerk van die Nuwe Testament, bid: “Ag, as U maar die hemele wou skeur, wou neerdaal, dat die berge wankel voor u aangesig... Maar nou, Here, U is ons Vader; ons is die klei, en U is ons Formeerder, en ons almal is die werk van u hand.... Here, wees nie uitermate toornig nie, en dink nie vir ewig aan die ongeregtigheid nie; aanskou dit tog dat ons almal u volk is.”

*Sing: Psalm 89:1*

*Ds FJ du T Lessing (Emeritus)*